Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

ASSESSMENT & EXAMINATIONS
Bundy Park, Schornville, KWT * Private Bag X 4571, KWT, 5600
REPUPLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

PAPER	2

DATE OF EXAMINATION:	NOVEMBER 2011	DURATION:	2 UUR

SECTION 1:

(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Dit is absoluut teleursellend dat die meeste kandidate in hierdie vraestel so swak gevaar het. Dit kan toegeskryf word aan die volgende:

- Daar is 'n algehele gebrek aan taalvaardighede.
- Feitlik al die skryfstukke wemel van Engelse woorde.
- Sinskonstruksie is 'n probleem.
- Punktuasie foute of eerder die gebrek aan punktuasie kom algemeen voor.
- Die engelse invloed op spelling is duidelik sigbaar.
- Idees/feite word herhaaldelik herhaal.
- Daar is geen ordentlike beplanning nie:
  - geen logiese vloei van gedagtes nie.
  - Geen inleidende en/of slotparagrawe nie.
  - Geen samhang nie.
- Dat vele kandidate gebrekkige onderrig in die formaat van veral die transaksionele tekste het, het duidelik na vore gekom.
- Kandidate gebruik die geleiers as vrae wat beantwoord moet word.
- Kandidate gebruik ook dikwels die verkeerde tydsvorm.
- In een sentrum het al die kandidate dieselfde transaksionele teks gedoen. Almal het presies dieselfde inleidende paragraaf gehad. Dit was as 't ware ingedwing om by die opdrag te pas. Kandidate moet eerder kreatiwiteit as papegaai gememoriseerde werk aangeler word.

SECTION 2:

Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

AFDELING A: OPSTELLE

QUESTION 1.1 Dit was 'n moeilike tyd in my lewe

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered

Leerders het swak in hierdie vraag gevaar.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Baie kandidate het die woord moeilike as mooilike verstaan en het gevolglik die onderwerp heeltemal verkeerd interpreteer deur oor die goeie/mooi tye in hul lewens te skryf. Sulke kandidate het 'n baie lae punt verwerf.

Hierdie opstel moes in die verlede tyd geskryf word. Sommige kandidate het in die teenwoordige tyd geskryf.

Baie kandidate het die geleiers as vrae beskou, elke geleier neergeskryf en dit as 'n vraag beantwoord.

(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die volgende kommentaar is van toepassing op al die opstelle

- Leerders moet geleer wod hoe om 'n onderwerp korrek te interpreteer.
- Die opstelle is verbeeldingloos en oninteressant. Leerders moet gelei word hoe om hul verbeelding in te span.
- Gebruik interessante mondeling –en skryfonderwerpe wat by die leerder se ervaringswêreld inpas. Sodoende sal die leerder gemakliker voelom hom/haar in sy/haar derde taal uit te druk.
- Leer kandidate om sekere kern "tydswoorde" soos is, was,sal, wil, het, nes, ens. In die onderwerp/vraag te soek om hulle 'n aanduiding te gee of die opdrag in die teenwoordige, verlede of toekomende tyd geskryf moet word.
- Dril die volgende in:
  * 1 idee per paragraaf.
  * Geleiers is net daar om rigting te gee en is nie vrae wat beantwoord moet word nie.

QUESTION 1.2 Ek is die hoof van 'n skool

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die enkele kandidate wat hierdie vraag gekies het, het vanaf swak tot gemiddeld gevaar.

(a) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate wat swak gevaar het, het baie onsamehangend geskryf.

Die idees het nie lekker inmekaar gevloei nie. In sommige gevalle was daar geen paragrafering nie.

Geleiers is as vrae beantwoord.

Vele idees is in swak taal weergee.

Die meeste van die kandidate het die tydsvorm reg gehad.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Sien kommentaar op vraag 1.1

QUESTION 1.3 Ek is trots Suid-Afrikaans

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate se beantwoording van die vrae het gewissel vanaf swak tot enkele kandidate wat baie goed gevaar het.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate moes redes verskaf waarom hulle trots is om Suid-Afrikaners te wees deur veral te vertel van die dinge in die land wat eie aan Suid-Afrika is en waarop ons trots is.

Kandidate het gefokus op dit wat in hulle dorp/stad is en nie noodwendig op dit waarop almal trots kan wees nie.

Feitlik al die kandidate het die tydsvorm reg gehad.

Die swakkker kandidaat het gelei omdat daar so baie herhaling was vanweë 'n gebrekkige kennis van Suid-Afrika .

building blocks for growth.

PROVINCIAL GROWTH AND DEVELOPMENT PLAN PGDP EASTERN CAPE 2004 - 2014

Ikamva eliqaqambileyo!

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar op vraag 1.1
QUESTION 1.4 My toekomsplanne
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Kandidate het hier beter gevaar as in die vorige vrae.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Slegte taalgebruik, gebrekkige sinskonstruksie, 'n gebrek aan interpunksie en die gebruik van Engelse woorde het die kandidate van punte beroof. Onrealistiese verwagtinge soos bv. Die hoop om eendag R1500.00 per maand te verdie endan 'n huis vir die ouers, 'n huis EN 'n motor vir die kandidaat te koop, het die inhoudspunt t.o.v. oortuigendheid 'n bietjie afgebring.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar op vraag 1.1

QUESTION 2.1: RESENSIE
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Kandidate het swak gevaar.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Die laaste geleier in die vraag verlang dat dierolprent aan die jeug "verkoop" word. Kandidate het hierin gefaal. Kandidate het te min oor die storielyn/tema van die rolprent geskryf. Die heleopdrag is as 'n vraag- en- antwoord sessie beskou.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die volgende kommentaar is van toepassing op al die transaksionele tekste.

- Kandidate het niegenoeg blootstelling aan die verskeidenhied skryfstukke nie.
- Dit is belangrik dat elke leerder tydens sy tyd op skool met ELKE skryfstuk vertroud raak.
- Koerante wemel van resensies, plakkate, advertensies, ens. Hierdie uitknipsels kan as hulpmiddelsin die klas aangewend word.
- Dit is onvergeeflik dat kandidate nog formaatfoute maak. Dit is iets wat ingedril kan word.

QUESTION 2.2: FORMELE AANSOEKBRIEF

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het swak gevaar.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate het baie punte vir formaatfoute ingeboet.Straat adresse is bv. In Engels geskryf.

Kandidate het nie daarin geslaag om hulle aan die moontlike werkgewer te verkoop nie omdat hulle te min inligting omtrent hulslf verskaf het. Kandidte het net die basiese inligting wat die werksadvertensie vereis het, verskaf.

Kandidate het nie gekyk na watter posisie geadverteer is nie en watter eienskappe, buiten die wat genoemis, so 'n posisie 'n posisie vereis. Hulle is dus redelik laag aangeslaan op hul inhoudspunte.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Sien kommentaar op vraag 2.1 (c)

QUESTION 2.3: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het gemiddeld in hierdie vraag gevaar.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Soos indie vorige vraag het kandidate baie punte vir formaatfoute ingeboet.Straat adresse is bv. In Engels geskryf. Die geleiers is deur die bank as vrae ingespan en dan met eensin antwoorde geantwoord. Die opdrag is verkeerd interpreteer. Die opdrag het vereis dat die kandidaat moes aandui wat hy/sy gedoen het om sy/haar dorp skoon te hou omdat die munisipale dienste swak is en dit niedoen nie. Vele kandidate het genoem dat hulle die munisipsliteit sou inlyf om die dorp skoon te maak/hou. Hierdie mistasting het ‘n lae inhoudspunt tot gevolg gehad.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar op vraag 2.1 (c)
QUESTION 2.4: DIALOOG
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Kandidate het oor die algemeen goed in hierdie vraag gevaar. Dit blyk dat hulle heeltemal vertroud met die formaat van hierdie soort teks is.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Gebrekkige taalgebruik en onnodige spel-en puntuasiefoute ht sommige kandidate se punte negatief beïnvloed.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar op vraag 2.1 (c)
QUESTION 3.1 :PLAKKAAT
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Kandidate het die geleiers effektief gebruik, maar die inligting wat verskaf is, was baie gebrekkig met die gevolglike verlies aan ‘n goeie inhoudspunt.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Kandidate sukkel om straatadresse, tye, ens. uit te druk. Baie min dinge wat mense kon lok is gebruik. Die pryse wat aangebied was, was absurd. Een kandidaat het bv. 'n maaltyd by Kentucky as eerste prys aangebied terwyl die tweede prys R1500.00 was. Inhoudspunte is dus verbeur.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar op vraag 2.1 (c)
QUESTION 3.2: UITNODIGINGSKAARTJIE
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Enkele leerders het goed in hierdie vraag gevaar. Die meerderheid het gemiddeld gevaar.
QUESTION 3.3: POSKAART
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het,het nie goed gevaar nie.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Die idee hier was dat kandidate 'n poskaart moes skryf terwyl hulle noodgedwonge in 'n plek moes oorbly. Kandidate het die onderwerp verkeerd vertolk en het eerder om hulp gevra. Hierdeur het hulle inhoudspunte ingeboet.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Sien kommentaar op vraag 2.1 (c)

SIGNATURE OF CHIEF MARKER: _____

building blocks for growth.